Graça Machel getuig voor WVK oor vliegongeluk

Adri Kotzé Beeld 23/6/98

Me. Graça Machel, metgesel van pres. Nelson Mandela en weduwee van die Mosambiekse president mnr. Samora Machel, gaan vandag met geslote deure voor die WVK getuig oor die omstandighede om haar man se dood in 'n vliegongeluk in 1986.

Mnr. Dumisa Ntsebeza, hoof van die WVK se ondersoekeenheid, het gister gesê sy het die afgelope tien jaar self navrae gedoen oor die dood van haar man en sy sal vandag haar inligting met die WVK-paneel deel.

Nege mense, onder wie mnr. Craig Williamson, voormalige spioen, het op 3 en 4 Junie in camera voor die WVK getuig oor die vliegongeluk. Die name van die ander getuies word nie bekend gemaak nie omdat daar vir hul veiligheid gevrees word.

Die Mosambiekse president en nog 34 mense is dood toe 'n Tupolevstraler op 19 Oktober 1986 teen 'n heuwel by Mbuzini, aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens, gebots het.

Volgens Ntsebeza gaan die WVK-paneel ook getuienis hoor van dr. Abdul Minty, adjunkdirekteur-generaal van buitelandse sake.

Minty, 'n voormalige eresekretaris van die Britse anti-apartheidsbeweging, het breedvoerig oor Suider-Afrika geskryf vir die Verenigde Nasies. Hy word beskou as 'n kenner oor die vorige regering se militêre vermoëns en het ook sy eie ondersoek gedoen na die vliegongeluk.

Die Margo-kommissie van ondersoek na die ongeluk het bevind dat dit deur 'n fout van die vlieënier veroorsaak is, maar 'n Russiese span het bevind dat 'n vals baken die vliegtuig van koers laat wyk het.

Die WVK-paneel, bestaande uit aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter, Ntsebeza, me. Glenda Wildschut en dr. Fazel Randera, gaan in Johannesburg sit.